



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**REKENINGKUNDE**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die spesiale antwoordeboek wat voorsien word.
3. Waar van toepassing, moet bewerkinge getoon word sodat deelpunte verdien kan word.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of 'n swart/blou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
6. 'n Uiteensetting van vrae word voorsien. Jy moet probeer om by die voorgestelde tydstoedeling vir elke vraag te hou.

Gebruik die inligting in die onderstaande tabel om as riglyn te dien by die beantwoording van die vrae. Hou so ver moontlik by die tydsindeling.

<b>VRAAG 1: (105 punte ; 63 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Vennootskappe</b>	<b>LU1</b>	AS5 Finansiële state van vennootskappe Verhoudings en vertolking van finansiële inligting
	<b>LU3</b>	AS6 Etiese gedragskode

<b>VRAAG 2: (45 punte ; 27 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Vervaardigingsondernemings</b>	<b>LU2</b>	AS2 Oorboeking na spesifieke grootboekrekeninge Gelykbreekpunt-analise

<b>VRAAG 3: (45 punte ; 27 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Kontantbegrotings</b>	<b>LU2</b>	AS3 Opstel en aanbieding van kontantbegrotings
	<b>LU3</b>	AS6 Interne kontrole oor kontant

<b>VRAAG 4: (30 punte ; 18 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Bankversoening</b>	<b>LU1</b>	AS4 Opstel van bankversoeningstate
	<b>LU3</b>	AS6 Interne kontrole oor kontant

<b>VRAAG 5: (35 punte ; 21 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Klubs en Voorraadstelsels</b>	<b>LU1</b>	AS2 Klubs: grootboekrekeninge en vertolking
	<b>LU3</b>	AS4 Voorraad aanteken metodes
		AS6 Interne kontrole oor voorraad

<b>VRAAG 6: (40 punte ; 24 minute)</b>		
<b>Onderwerp van vraag</b>	<b>Leeruitkomste gedek</b>	
<b>Batebestuur</b>	<b>LU3</b>	AS3 Verkryging van bates, bateverkope en waardevermindering

**VRAAG 1****VENNOOTSKAPPE****(105 punte ; 63 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van JJ Winkels vir die finansiële jaar eindigende 29 Februarie 2012. JJ Winkels is 'n vennootskap met vennote Jakob en Julies. Die besigheid verkoop skoene en doen ook herstelwerk aan skoene. Die besigheid handhaaf 'n konstante winsopslag van 60% op kosprys.

**OPDRAGTE:****1.1 OOREENSTEMMENDE ITEMS**

Kies 'n verduideliking in KOLOM B wat ooreen sal stem met die AARP-beginsel in KOLOM A. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Paringsbeginsel	A	Die markwaarde van die geboue is R800 000, maar dit moet aangetoon word teen die oorspronklike koste van R340 000
1.1.2	Beginsel van 'n lopende saak	B	"klein"-uitgawes van die besigheid word saamgegroepeer en as Diverse Uitgawes aangedui
1.1.3	Historiese koste-beginsel	C	Geld wat afgeskryf word as gevolg van diefstal, alhoewel dit wel in die toekoms verhaal kan word
1.1.4	Omsigtigheidsbeginsel	D	Versekering sluit R340 in wat betrekking het op die volgende finansiële jaar
1.1.5	Wesenlikheidsbeginsel	E	Finansiële state word opgestel met dien verstande dat die besigheid in die toekoms sal voortbestaan

(10)

- 1.2 Deur die volgende aansuiwerings in ag te neem, voltooi die Inkomstestaat vir die jaar eindigende 29 Februarie 2012. (40)
- 1.3 Die volgende notas tot die Balansstaat moet getoon word:
- 1.3.1 Handels- en ander Ontvangbare bedrae (8)
- 1.3.2 Nota van Privaatrekening van vennote (21)
- 1.4 Lewer kommentaar oor die LIKIDITEITSPOSISIE van die besigheid. Gebruik TWEE relevante verhoudings om jou kommentaar te regverdig. (8)
- 1.5 Bereken die totale verdienste van vennoot Jakob. (*Toon bewerkinge*). (4)
- 1.6 Bereken die opbrengs op die belegging van vennoot Julies. Kan hy tevrede daarmee wees? Brei uit. (8)
- 1.7 Julies is bekommerd oor die totale onttrekkings van Jakob. Verduidelik hoekom jy dink dit hom pla en noem TWEE voorstelle hoe hy die saak kan aanspreek. (6)

**INLIGTING****a. Uittreksel uit die Voor-Aansuiwerings Proefbalans op 29 Februarie 2012**

	<b>DEBIETE</b>	<b>KREDIETE</b>
Kapitaal: Jakob		330 000
Kapitaal: Julies		220 000
Privaatrekening: Jakob (1 Maart 2011)	9 850	
Privaatrekening: Julies (1 Maart 2011)		12 750
Onttrekkings: Jakob	83 610	
Onttrekkings: Julies	24 140	
Toerusting	77 540	
Opgehoopte Waardevermindering op toerusting		32 820
Handelsvoorraad	88 770	
Debiteurekontrole	27 777	
Voorsiening vir Oninbare Skulde		1 420
Krediteurekontrole		64 600
Lening: AB Bank		84 375
Vaste Deposito (14% per jaar)	50 000	
Kontant en Kontantekwivalente	4 695	
Verkope		540 270
Koste van Verkope	204 180	
Debiteureafslag	18 020	
Huurinkomste		46 520
Fooi-inkomste (op skoene herstelwerk)		17 630
Verbruiksgoedere	15 430	
Salarisse en Lone	42 600	
Versekering	8 725	
Skryfbehoeftes	9 288	
Water en Elektrisiteit	12 545	
Oninbare Skulde	2 323	
Rente op belegging		5 250
Korting ontvang		2 180
Diverse Uitgawes	?	

**ADDISIONELE INLIGTING:**

- a) Met 'n fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2012 was die volgende voorraad voorhande:
- |                  |         |
|------------------|---------|
| Handelsvoorraad  | R87 650 |
| Verbruiksgoedere | R1 430  |
- b) Maak voorsiening vir rente op die belegging. Die belegging was die hele jaar in die besigheid.
- c) 'n Debituur wat R1 580 skuld, was insolvent verklaar. Sy boedel betaal 35% van sy skuld, en dit is korrek aangeteken. Die res van sy skuld moet as oninbaar afgeskryf word.
- d) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 4% van debiteure aangesuiwer word.
- e) Die huur het met R320 op 1 Desember 2011 verhoog. Die huurder het die huur tot einde Maart 2012 betaal.
- f) Versekering sluit 'n bedrag van R675 vir die tydperk 1 Januarie 2012 tot 31 Maart 2012 in.
- g) Die totale rente op die lening is op 27 Februarie 2012 na die Leningsrekening (gekapitaliseer) oorgedra. Rente word bereken teen 12,5% per jaar.
- h) Waardevermindering op toerusting, R15 472, moet in berekening gebring word.
- i) Die vennootskapsooreenkoms maak vir die volgende voorsiening:
1. Vennote se salaristoelaag:
    - Jakob en Julies is geregtig op 'n jaarlikse salaristoelaag van R90 000 en R86 600 onderskeidelik.
  2. Rente op kapitaal word bereken teen 8% per jaar op kapitaalsaldo's. Neem in ag dat Julies sy kapitaal op 1 Junie 2011 met R30 000 verhoog het.
  3. Vennote verdeel winste en verliese in verhouding van hulle kapitaalsaldo's aan die einde van die jaar.

j) *Lys van finansiële aanwysers bereken:*

		<b>29/02/2012</b>	<b>28/02/2011</b>
1	Bedryfsverhouding	1,9 : 1	1,6 : 1
2	Vuurproefverhouding	0,5 : 1	0,9 : 1
3	Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode	39 dae	42 dae
4	Skuld ekwiteitsverhouding	0,14 : 1	0,3 : 1
5	Opbrengs op belegging		Jakob: 38% Julies: 45%
6	Huidige rentekoerse deur banke aangebied	10%	

**VRAAG 2****VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS****(45 punte ; 27 minute)**

Gauteng Vervaardigers vervaardig inkkassette vir Bex Drukkers en verkoop hul teen 'n winsopslag van **50%** op kosprys. Die onderstaande inligting is van die finansiële rekords vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2012.

**OPDRAGTE:**

- 2.1 Dui die koste-afdeling, van elkeen van die onderstaande gelyste items, aan. Kies jou antwoord van die lys wat voorsien word. Skryf net die antwoord langsaan die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

Direkte materiaalkoste; Verkoops- en Verspreidingskoste;  
Direkte arbeidskoste; Administratiewe koste; Fabrieksbokoste

- 2.1.1 Advertensie-uitgawe
- 2.1.2 Lone betaal aan werkers in die produksieproses
- 2.1.3 Salaris van die fabrieksvoorman
- 2.1.4 Skryfbehoeftes- en telefoon-uitgawes (4)

**VERWYS NA INLIGTING A**

- 2.2 Bereken die totale FABRIEKSBOKOSTE. (15)
- 2.3 Bereken die verkoopprijs per houer.  
*Wenk: Bereken eers die aantal eenhede verkoop.* (4)
- 2.4 Boek na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek oor.
- 2.4.1 Goedere-in-Bewerkingrekening (7)
- 2.4.2 Klaarprodukte-rekening (6)

**VERWYS NA INLIGTING B**

- 2.5 Bereken die aantal eenhede wat Vusi moet vervaardig om gelyk te breek. (5)
- 2.6 Verduidelik die nuttigheid van die gelykbreekpunt-analise en lewer kommentaar op die produksievlak wat deur Vusi bereik is. (4)

**INLIGTING A:**

Gauteng Vervaardigers vervaardig inkhouders vir Bex Drukkers en verkoop dit teen 'n winsopslag van **50%** op kosprys. Die onderstaande inligting is geneem uit die finansiële rekords vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2012.

a) Voorraadsaldo's	30 JUNIE 2012	1 JULIE 2011
Grondstofvoorraad	34 560	27 660
Indirekte Fabrieksmateriaal	2 530	3 550
Goedere-in-Bewerking voorraad	37 300	32 450
Klaarprodukte-voorraad	33 000	14 250
	440 eenhede	190 eenhede

b) *Opsomming van transaksies vir die jaar eindigende 30 Junie 2012*

<b>Materiaal in die fabriek gebruik:</b>	
• Grondstowwe aangekoop	?
• Grondstowwe vir produksie uitgereik	490 000
• Indirekte materiaal aangekoop	21 760
<b>Fabrieksalarisse en -lone:</b>	
• Direkte arbeid	647 500
• Indirekte arbeid	24 350
• Fabrieksbestuurder se salaris	64 860
<b>Ander uitgawes:</b>	
• Huuruitgawe	38 400
• Versekering	8 880
• Water en Elektrisiteit	16 600
• Oninbare skulde	3 210
• Diverse fabrieksuitgawes	25 620
<b>Verkope</b>	<b>1 940 625</b>
<b>Aantal eenhede geproduseer</b>	<b>17 500</b>

c) *Addisionele inligting:*

- 60% van die huuruitgawe moet aan die fabriek toegeken word.
- $\frac{2}{3}$  van die versekeringsuitgawe het betrekking op die fabriek.
- Water en elektrisiteit moet verdeel word tussen die fabriek en kantoor in die verhouding 4 : 1 onderskeidelik.



**INLIGTING B:**

Vusi maak oulike selfoonhouers wat baie gewild is onder hoërskoolleerders. Hy doen besigheid vanuit sy pa se garage. Die onderstaande inligting het betrekking op die eerste 3 maande van die besigheid.

a)

	TOTAAL	PER EENHEID
<b>Vaste Koste</b>		
• Fabrieksbokoste	6 860	
• Administratiewe koste	690	
<b>Veranderlike Koste</b>		
• Direkte materiaalkoste	9 800	10
• Direkte arbeidskoste	5 880	6
• Verkoop- en verspreidingskoste	2 940	3

- b) Aantal eenhede geproduseer: **980** (al die eenhede geproduseer, is verkoop)  
 Verkope vir bogenoemde tydperk: **R27 440**

**VRAAG 3****KONTANTBEGROTINGS****(45 punte ; 27 minute)**

Jy word voorsien met inligting van King Handelaars waarvan D. King die eienaar is. Die besigheid koop en verkoop kamptoeusting met 'n winsopslag van **60%** op kosprys.

**OPDRAGTE:**

- 3.1 Voltooi die gedeeltelike voltooide Debiteure-invorderingskedule. (7)
- 3.2 Stel die Kontantbegroting vir die begrotingstydperk 1 Mei 2012 tot 30 Junie 2012 op. (26)
- 3.3 D. King wil R100 000 vanaf die bank leen. Hy gaan die begroting aanbied as motivering vir die lening. Noem TWEE punte wat jy dink die bank in berekening sal bring voordat hulle die besluit sal maak. (Kwoteer getalle) (4)
- 3.4 Die begrote telefoon-uitgawe vir April was R3 000.
- 3.4.1 Noem 'n geldige rede waarom die werklike uitgawe R450 meer as die begrote bedrag is. (2)
- 3.4.2 Gee 'n rede waarom die besigheid besluit het om die telefoon-uitgawe vir die begrote tydperk R3 000 te hou. (2)
- 3.5 Die verkoopsassistentente is ontevrede met hulle loonverhoging. Noem TWEE punte om hulle standpunte te regverdig. (4)

**INLIGTING:**

a) *Sommige werklike en begrote bedrae:*

	WERKLIK		BEGROOT	
	MAART	APRIL	MEI	JUNIE
Verkope (kontant en krediet)	82 000	76 000	72 000	66 000
Aankope van voorraad	51 250	47 500	?	?
Huurinkomste	9 000	9 000	?	?
Bestuurder se salaris	8 500	8 500	?	?
Lone (Verkoopsassistent)	12 000	12 000	?	?
Telefoon	3 000	3 450	3 000	3 000
Verbruiksgoedere	4 500	4 500	4 600	4 600
Korting Ontvang	1 000	1 200	1 200	1 300
Diverse uitgawes	8 000	?	?	?

b) 25% van die totale verkope is kontant. Ondervinding het getoon dat debiteure hulle rekeninge soos volg vereffen:

- 60% Vereffen in die maand wat volg op die transaksie
- 37% Vereffen in die 2<sup>de</sup> maand na die transaksie
- 3% Is gewoonlik oninbaar

c) Voorraad word konstant gehou deur die goedere te vervang met bedrag van verkope.  
(n Basiese voorraad word gehandhaaf). *Let daarop dat die persentasie-winsopslag op koste 60% is.*

Alle aankope is op krediet en krediteure word 30 dae na aankope betaal.  
(d.w.s. in die volgende maand )

d) Salarisse en lone word elke jaar aan die einde van Mei hersien. Daar was besluit dat die bestuurder se salaris met 10% vanaf 1 Junie 2012 sal verhoog.

Die verkoopsassistent sal 5% verhoging ontvang, wat gelykstaande is aan die inflasiekoers op daardie stadium.

e) Daar word verwag dat Diverse uitgawes elke maand met 5% op die vorige maand se totaal sal verhoog.

f) Nuwe toerusting ter waarde van R75 000 (insluitende finansieringskoste) sal in Mei 2012 aangekoop word. R25 000 sal in Mei betaal word en die res sal in agt gelyke paaieemente betaal word.

g) Huurinkomste sal vanaf 1 Mei 2012 met 8% verhoog word.

h) Die eienaar se totale onttrekkings vir die maand beloop R5 500. R1 200 hiervan is gewoonlik verbruiksgoedere uit die voorraad.

i) Op 30 April 2012 het die bank 'n gunstige saldo van R27 555 getoon.

**VRAAG 4****BANKVERSOENING****(30 punte ; 18 minute)**

KJ Handelaars is 'n klein besigheid wat rekenaartoerusting verkoop. Hulle bied ook 'n herstel- en instandhoudingsdiens vir gereelde klante aan. Die volgende inligting is uit hulle rekords geneem. Die bankstaat is op 29 Junie 2012 van Beta Bank ontvang.

**OPDRAGTE:**

- 4.1 Suiwer die Bankrekening in die Algemene Grootboek aan deur die inligting direk in die Bankrekening aan te teken soos in antwoordeboek uiteengesit. *Skryf geskikte besonderhede aan elke kant van die bankrekening om deelpunte te verdien.* (16)
- 4.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2012 op. (10)
- 4.3 Verduidelik hoe maandelikse versoening met die bankstaat nuttig kan wees in die beskerming en voorkoming van wanbestuur van kontant en bedrog. (TWEË PUNTE) (4)

**INLIGTING:**

- a) Op 30 Junie 2012 het die bankkolomme in die kontantjoernale die volgende voorlopige totale getoon:
- Kontant Ontvangste Joernaal R620 500
  - Kontant Betalings Joernaal R532 200
- b) Die volgende items het op die bankversoeningstaat van 31 Mei 2012 verskyn.

Gunstige saldo volgens bankstaat	11 500
Tjek 1123 nog nie vir betaling aangebied nie	12 250
Tjek 1136	4 200
Tjek 983 gedateer 22 Desember 2010	500
Uitstaande deposito's	18 600

- c) *Inligting wat in die kontantjoernale verskyn het, maar nie op die bankstaat vir Junie 2012 nie:*
- Tjek 1143 vir R21 400 – vooruitgedateer vir 15 September 2012.
  - Tjek 1156 vir R7 500 – gedateer 29 Junie 2012.
  - 'n Deposito van R45 600 op 30 Junie 2012.
- d) *Inligting wat op die bankstaat wat ontvang is, verskyn, maar nie in enige van die kontantjoernale van Junie 2012 nie:*
- Totale bankkoste vir die tydperk van die bankstaat, R1 860.
  - 'n Deposito van R18 600 is op 1 Junie 2012 aangeteken.
  - Tjek 1136 is op die bankstaat as R2 400 (die korrekte bedrag) aangeteken. Hierdie tjek was ten gunste van 'n krediteur.
  - 'n Stop-order ten gunste van Cat Versekeraars vir R3 000 vir 'n korttermynversekering vir die versekering van 'n stoor.
  - Rente van R600 is ontvang vir die periode van die bankstaat.
  - 'n V/T tjek vir R9 420. Na 'n ondersoek het dit aan die lig gekom dat die tjek ontvang is van 'n debiteur, M. Broke, as finale betaling van sy rekening van R9 500.
  - 'n Tjekbetaling vir R1 250. Daar is vasgestel dat dit nie 'n transaksie van hierdie besigheid is nie, maar 'n fout wat deur die bank gemaak is.
- e) Tjek 983 is aan Sunflower Kinderhuis as 'n donasie uitgereik. Hierdie organisasie het intussen gesluit.
- f) Tjek 1123 het weggeraak. Hierdie tjek was ten gunste van BLK Dienste vir verbeteringe aan die bestaande gebou, uitgereik. 'n Nuwe tjek 1167 was uitgereik. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie.
- g) Die bankstaat toon op 30 Junie 2012 'n gunstige saldo.

**VRAAG 5****KLUBS EN VOORRAADSTELSELS****(35 punte ; 21 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekords van M9 Tennisklub vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2011:

**OPDRAGTE:**

- 5.1 Stel die Ledegeldrekening in die Algemene Grootboek op. (17)
- 5.2 Die klub het 'n kiosk en 'n onthaalarea. Verversings word aan lede teen 'n winsopslag van 25% op kosprys verkoop. Die klub maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel om hulle verversingsvoorraad aan te teken.
- 5.2.1 Bereken die koste van die verversings verkoop. (3)
- 5.2.2 Bereken die totale bedrag van die verversings gedurende die jaar aangekoop. (6)
- 5.3 Noem nog 'n ander metode wat die klub kan gebruik om hulle voorraad aan te teken. (2)
- 5.4 Is die periodieke voorraadstelsel 'n geskikte stelsel vir die klub om te gebruik? Motiveer jou antwoord. (3)
- 5.5 Die voorsitter is van mening dat die voorraadvlak nie so hoog moet wees nie. Noem TWEE maniere hoe die voorraad beter/effektief beheer kan word. (4)

**INLIGTING:**a) **Saldo's op 1 Januarie 2011: (onder andere)**

Verversingsvoorraad	12 450
Opgelope Inkomste (Ledegeld)	480
Vooruitontvange Inkomste (Ledegelde)	240

b) **Uittreksel uit die Ontledings Kasboek vir die jaar eindigende 31 Desember 2011:**

ONTVANGSTES			BETALINGS	
Ledegelde	2010	320	Verversingsaankope	22 680
	2011	5 430	Ledegeld ( <i>terugbetaling</i> )	60
	2012	360		
Intreegeld		1 320		
Verversingsverkope		52 550		

c) **Intreegelde:**

- Nuwe lede betaal R120 intreegeld sodra hulle aansoeke aanvaar is.

d) **Ledegeld Inligting:**

- Ledegeld is R80 per jaar per lid.
- Nuwe lede wat voor Junie elke jaar by die klub aansluit, betaal R50.
- Ou lede wat voor Maart betaal, ontvang R20 afslag.
- \* Op 1 Januarie 2011 het die klub 67 lede gehad.
- \* 5 van die nuwe lede het voor 30 Junie 2011 aangesluit. Al die nuwe lede het hulle ledegeld ten volle betaal.
- \* Die uitstaande foie van 2010 moet afgeskryf word en die betrokke lede moet van die lederegister verwyder word.
- \* 'n Lid wat sy ledegeld vir 2011 in 2010 betaal het, is na KZN verplaas. Die klub het besluit om sy ledegeld terug te betaal.
- \* Drie lede het nie hulle ledegeld vir 2011 betaal nie.

e) **Verversingsinligting:**

- \* Verversings is vir kontant en op krediet aangekoop, maar is slegs kontant verkoop.
- \* Verversings ter waarde van R640 is aan 'n plaaslike skool geskenk.
- \* Voorraadversings op 31 Desember 2011 bedra R10 420.

**VRAAG 6****BATEBESTUUR****(40 punte ; 24 minute)**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Harry Handelaars vir die finansiële jaar eindigende 29 Februarie 2012.

**OPDRAGTE:**

- 6.1 Boek na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek oor:
- 6.1.1 Toerusting (kosprys) (6)
- 6.1.2 Bateverkope (8)
- 6.2 Voltooi die Vaste Bate Nota in die Balansstaat.  
*Toon alle berekeninge vir waardevermindering om deelpunte te kan verdien.* (21)
- 6.3 40% van totale toerusting bestaan uit rekenaars en ander kantoortoebehore. Die boekhouer is van mening dat die waardeverminderingsbeleid, met betrekking tot toerusting, hersien moet word. Stem jy saam? Gee TWEE redes. (5)

**INLIGTING:**

a)

<i>Vaste Bate Nota</i>	<b>29 FEBRUARIE 2012</b>	<b>1 MAART 2011</b>
Voertuie	235 000	175 000
Toerusting	69 900	92 400
Opgehoopde waardevermindering op Voertuie	?	87 600
Opgehoopde waardevermindering op Toerusting	?	42 200

- b) Op 1 Desember 2011 is 'n nuwe voertuig op krediet van BGT Motors gekoop. Geen voertuie is verkoop nie.
- c) Op 30 Junie 2011 is ou toerusting aan 'n ouetehuis geskenk. Die opgehoopde waardevermindering, op die toerusting wat geskenk is, op 1 Maart 2011 was R18 300. Die nuwe toerusting wat die ou toerusting moet vervang, sal eers in die nuwe finansiële jaar aangekoop word.
- d) Waardevermindering moet soos volg voorsien word:
- Voertuie teen 15% op kosprys.
  - Toerusting teen 20% op die verminderde-saldo-metode.

40

**TOTAAL: 300**